

WAPENRUSTING – Helm van Verlossing

1. PRAISE EN WORSHIP

2. YSBREKER 1: Hoede Toring

- 'n Klomp hoede word op die verhoog gesit
- Elke groep kies 1 kind wat die 'model' gaan wees
- Elke groep moet kyk hoe hoë 'hoede toring' hulle op die model se kop kan bou

3. YSBREKER 2: Musical Hats

- Elke groep staan in 'n kring, almal behalwe 1 kind het 'n hoed op die kop
- Wanneer die musiek begin speel moet die kind sy/haar hoed afhaal, vir die persoon langs hom/haar opsit, en die persoon aan die ander kant se hoed opsit.
- Hoede word NIE met die hande aangegee nie, maar op die koppe gesit
- Die persoon wat sonder 'n hoed is wanneer die musiek ophou is uit
- Elke keer word nog 'n hoed uitgeneem totdat daar net 1 kind met n hoed oor is.

4. VERLOSSING

- Ons gaan vanaand na die laaste deel van die wapenrusting kyk, en dis 'n BAIE belangrike deel.
- Wie weet watter deel is nog oor wat ons nog nie gedoen het nie? Die Helm
- Wat beskerm die helm nou weer? Ons Verlossing!

- **VIDEOCLIP: The Salvation Story**

Vrae in die groepe:

1. Wat is Verlossing?

Luk 1:77b “verlossing deur vergifnis van hulle sondes”

Verlossing / Salvation is wanneer ek verlos word van die straf van sonde – ek word nie meer daarvoor gestraf nie

2. Wat is die straf vir sonde?

Rom 6:23 “Die loon wat die sonde gee, is die dood”

Die ewige dood in die hel saam met satan

3. Hoe kan ek gered word / Verlossing kry?

1 Joh 1:9 Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.

Joh 14:6 Jesus het vir hom gesê: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie”

1. Ek moet my sondes voor God belei (vir Hom sê dat ek sonde doen) en Hom vra om my daarvoor te vergewe.
2. Ek moet my hart/lewe vir Jesus gee – vir Hom leef, Sy reëls en wat HY van my vra, nie meer wat EK wil doen nie. Die dag as ek my hart/lewe vir Jesus gee, dan gaan alles oor Hom en niks meer oor my nie!

5. VIDEOCLIP – Helmet of Salvation:

Vrae in die groep:

1. **Skryf gou die belangrike ‘features’ van die soldaat se helm neer soos julle gesien het in die videoclip (nightvision / rooi id liggie / jou ‘ID’ nr is daarop / jou bloedgroep is daarop / die beskerm jou kop teen koeëls / kan koeëls self ‘wegskiet’ van jou af)**
2. **Nou wat het die helm nou met Verlossing te doen?**

1 Pet 5:8-9 “Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos ‘n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind. Bly standvastig in die geloof en staan hom teë”

1 Pet 5:8-9 Ons vyand – die satan – haat dit as ons die dag ons harte/lewens vir Jesus gee (Verlossing) , en hy sal alles probeer om ons te laat terug gaan na ‘n lewe sonder Jesus. Net soos die helm jou belangrike brein, wat maklik kan seerkry in ‘n ongeluk beskerm, net so kan die hoop op ons Verlossing ons gedagtes beskerm teen die aanval en versoeking van die satan om aan God ongehoorsaam te wees.

3. **Hoe maak ek seker dat ek die helm stewig op my kop hou?**

Ps 3:9 “Hulp kom net van die Here af. U laat dit goed gaan met u volk”

Onthou dat Verlossing van God af kom – NET Hy kan dit vir jou gee, niemand anders nie!

Onthou – God is aan ons kant, want ons is Sy kinders

As jy ‘committed’ is aan jou besluit om Jesus te volg, en jy gehoorsaam Hom, gaan die vyand jou nie kan kry om op te hou weg in Jesus se army nie, en gaan jy ook nie jou Verlossing teruggee vir God nie!

Gebruik jou swaard – soek vir jou teksverse waarmee jy die vyand kan wegjaag wanneer hy met jou sukkel

4. **Hoe kan julle die ‘features’ van die soldaat se helm geestelik deurtrek na die helm van Verlossing?**
5. **Onthou net, net soos ek nie geregtigheid/vryspraak kan aantrek as borshars as my saak met Jesus nie reg is nie, so kan ek ook nie die helm van verlossing opsit as ek nog nie my hart/lewe vir Jesus gegee het !**

6. SLUIT AF MET GEBED IN DIE GROEPE EN KRY DIE SELFONE

